**Vraag 2**

Bestudeer die onderstaande teks wat in die ATKV se "Hoezit" – Julie 2008 verskyn het. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



# SA kultuur van A tot Z

Ontdek die alfabet van ons land se kuns en kultuur.

A

**Afrikaans**
In 1925 het Afrikaans, saam met Engels, een van die twee amptelike landstale van Suid-Afrika geword. Sedert 1994 is Afrikaans een van ons elf amptelike landstale.

B

**Bafana-Bafana**
Die Suid-Afrikaanse sokkerspan se bynaam, Bafana-Bafana, beteken "die manne, die manne". In 2010 is Bafana-Bafana die gasheer vir die Sokkerwêreldbeker. Suid-Afrika is die eerste land in Afrika wat dié reuse-toernooi gaan aanbied.

## C
### Comrades
Die Comrades-marathon, wat elke jaar tussen Pietermaritzburg en Durban plaasvind, is die wêreld se oudste ultramarathon. Dit is in 1921 die eerste keer gehou om soldate te vereer wat in die Eerste Wêreldoorlog dood is.



## D
### Dans
Suid-Afrikaners blink uit in 'n verskeidenheid dansvorme – van ballet en moderne dans tot tradisionele danse soos die rieldans van die Griekwamense of die danse wat die Zoeloemense dans.

## E
### Evita
Die komediant, Pieter-Dirk Uys, se karakter, Evita Bezuidenhout, het al selfs oorsee mense laat skaterlag. Op die dorp, Darling, tree tannie Evita gereeld by Evita se perron op.

## F
### Feeste
Dink net aan die groot kunstefeeste soos die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees, Aardklop, InniBos en die Grahamstadse Kunstefees. Ons het ook feeste wat spesifiek met kos verband hou, soos die Oesterfees in Knysna en die Vleisfees in Calvinia.

## G
### Goud
Ons is die wêreld se tweede grootste goudprodusent. *Gumboot*-danse het in die Suid-Afrikaanse goudmyne ontstaan.



## H
### Helde
Mense soos Wolraad Woltemade en Dirkie Uys word onthou vir hul dapperheid. Ons het ook hope sporthelde wat internasionaal hul merk gemaak het. Van ons sporthelde soos Natalie du Toit, Terence Parkin, Ernst van Dyk en Oscar Pistorius is uitblinkers ten spyte daarvan dat hulle gestremd is.

## I
### *Impi*
Sportgeesdriftiges speel of sing dikwels die groep Juluka se liedjie, *Impi*, by groot rugby- en ander sportwedstryde.

## J
### Johannesburg
Johannesburg is ons land se grootste stad met byna 4 miljoen inwoners. Die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg is ook die grootste lughawe in Afrika.

## K
### Kos
Suid-Afrikaners is lief vir kosmaak en lekker eet. Kossoorte soos koeksisters, melktert, bobotie, marog, potjiekos, braaivleis, blatjang, boerewors en biltong laat 'n mens sommer dadelik aan Suid-Afrika dink!



2.1 **In watter aspek (**which aspects**)** presteer (compete) Suid-Afrika op **wêreldvlak**? Verduidelik jou **keuse (**choice**)** kortliks. (1)

2.2 In watter **twee** aspekte vaar ons land die beste in **Afrika**? Verduidelik jou keuses kortliks. (2)

2.3 Die **status** van Afrikaans het **verander**. Verduidelik hierdie verandering. (1)

2.4 Watter **konneksie** is daar tussen ons land se prestasie in **goud** en ons **danse**? (1)

2.5 Suid-Afrikaners is lief vir kosmaak. Wat doen hulle, volgens die artikel, wat dit illustreer? (1)

2.6 **Waarom** (why) kan ons sê dat Natalie du Toit, Terence Parkin, Ernst van Dyk en Oscar Pistorius **dapper** sporthelde is? (1)

2.7 Hoe sal jy Pieter-Dirk Uys se vertonings **beskryf**? **Verduidelik kortliks (**explain**)** in jou eie sin. (1)

2.8 Waarom dink jy sing sportgeesdriftiges die liedjie **Impi** by groot sportwedstryde? (1)

2.9 "Suid-Afrikaners **blink uit** in dans." Wat sê dit vir ons van Suid-Afrikaners en dans? (1)

**[10]**

**Vraag 2**

2.1 Comrades – oudste ultramarathon ter wêreld (name +give reason) (½ punt elk = 1)

2.2 (It is important to give an explanation)

- Bafana-Bafana: Gasheer vir Sokkerwêreldbeker wat eerste land in Afrika is wat dit aanbied
- Johannesburg/O R Tambo-lughawe: Grootste lughawe in Afrika. (½ punt elk = 2)

2.3 Dit was eers een van twee amptelike landstale; nou is dit een van elf amptelike landstale.

(1)

2.4 Gumboot-danse is ‘n **tradisionele** dans wat in die Suid-Afrikaanse goudmyne ontstaan het. (1)

2.5 Hulle hou kosfeeste, bv. die Oesterfees of Vleisfees.
Hulle maak ‘n wye verskeidenheid soorte kos, bv. koeksisters, potjiekos, ens.

(1)

2.6 Hulle blink uit in hul onderskeie sportsoorte, t.s.v. hul gestremdheid.

(1)

2.7 Dit is snaaks/komies/humoristies/laat mens lag. (1)

2.8 (own opinion based on the information in the text)

- ‘n Impi is ‘n afdeling soldate – dit moedig die regte span aan om te wen.

OF

- Die musiek is ritmies en skep die regte atmosfeer vir ‘n “stryd” op die sportveld.

(1)

2.9 Hulle is vaardig/talentvol met dans. (1)

**[10]**